Uitgawe 17
13 - 19 Mei 2012
NG KERK SASOLBURG

Anker vir die week

Rugana
Tel 016 976 7500; Faks 016 976 7501
Epos: vierankers@absamail.co.za
Blog: http://ng4ankers.wordpress.com

'n Gemeente wat versorg

Geanker met wonderlike Moeders

Die gedagte om moeders op 'n spesiale dag daaraan te herinner hoe spesiaal hulle eintlik is, het volgens alle aanduidinge alreeds in die antieke tyd ontstaan en is deesdae 'n instelling reg oor die wêreld op die 2e Sondag van Mei.

Oor die presiese ontstaansgeskiedenis van hierdie dag, loop die standpunte wyd uiteen: sommige verwys na die antieke lentefees in Griekeland, ander na die verering van 'n Romeinse godin so vroeg as reeds 250 vC. Wat die meer moderne viering van Moedersdag betref, trek sommige dit terug na die tyd van die industriële revolusie in Engeland, terwyl ander weer meen dat dit dateer uit die 1870s toe Julia Ward Howe 'n oproep gedoen het op vroue om die groot lewensverlies wat hulle in hulle families gely het as gevolg van die Amerikaanse Burgeroorlog, te betreur en om saam te bid dat geskille in die toekoms vreedsaam opgelos sal word. Sy wou óók hê dat vroue hulle plek in die samelewing volstaan en die respek ontvang wat hulle verdien. So het 'n ander vrou, Anna M Jarvis, in 1908 'n diens in Amerika ter ere van haar oorlede ma gehou, omdat sy gevoel het kinders skenk te min aandag aan hul ma's terwyl hulle nog lewe – sy het gehoop Moedersdag sou meer respek vir ouers teweeg bring en gesinsbande versterk. Die saak om moeders te vereer het soveel momentum gekry, dat die Amerikaanse Kongres in 1914 die tweede Sondag in Mei tot Moedersdag verklaar het.

Hoe dit ook al sy met die ontstaansagtergrond vir hierdie dag: die gevoel is wêreldwyd oor baie jare eenparig dat spesiale erkenning aan ons moeders gegee moet word – húlle wat só dikwels sommer net as vanselfsprekend geneem word. Moeders is baie spesiale mense wat ons liefde en dankbaarheid dubbel en dwars verdien. Kom ons sê dit vir ons vroue en moeders: Julle is seëninge deur God self gestuur om die samelewing en ons elkeen se lewens wonderlik te maak – ons waardeer julle daarvoor!

Maar ons moet dit nie nét sê nie – ons moet óók daadwerklik iets dóén! Aan die een kant moet ons saam dink en bid om die omstandighede van so baie vroue/moeders te verbeter, want wêreldwyd word baie vroue daagliks verkrag, mishandel, verontreg en emosioneel afgetakel. Aan die ander kant moet ons ook eer en erkenning gee vir al die wonderlike moeders en vroue wat elke dag hulleself gee sodat hulle gesinne en kinders die lewe in die oë kan kyk. Kom ons loof die Here vir wonderlike moeders terwyl ons alles in ons vermoë doen om die lewe vir hulle beter te maak.

Dr HJ Kleynhans

Basaar 2012

Ons wil graag R100 000 met ons basaar insamel en dit gaan in hierdie ekonomie maar moeilik gaan om dit reg te kry. Kom gee raad en sit hand by. Hier kom ’n ding en dit is dalk net ’n lekker ding! Moet dit nie misloop nie. Roelf Pienaar

Basaarvergadering: Dinsdag, 15 Mei om 17:30

Basaarversoekies

Boeke: Ek sal graag die boeke wat by u huis is, klaar gelees is en nou stof vergader, vir die wins van die basaar, by u huis kom haal. Indien dit nie so baie boeke is nie, is u baie welkom om dit Sondae kerk toe te bring en dit dan in die konsistorie te los. Skakel met my indien u meer inligting wil bekom. Anton Lottering 072 376 1247.

Lekkergoed: Gemeente, ons vra alweer groot asseblief bestanddele: kondensmelk, klapper, rice-krispies, marsmallows, roomyshorinkies (stomppunt), mariebeskuitjies, margarien, botter, “popcorn”, versiersuiker, baksjokolade, sosatiestokkies, kreukelpapier (“crinckle paper”), uitskot glase, koppies en bekers. Gekoopte lekkers en chips.
Ons sal dit by u kom haal, skakel met ons: Anna 078 971 0639 of Hester 082 719 1484
Baie baie dankie, Anna du Toit

Wit Olifante: Dit is weer tyd vir die basaar en die wit olifante trompetter al daar in jou garage, stoor, buitekamer en kombuiskaste. Haal uit en jaag op ’n trop. Met die basaar wil ons graag met alles wat vir jou nutteloos is ’n winsie maak deur dit te verkoop aan die mense vir wie dit baie werd kan wees. Skakel net en ons kom jaag die trop self aan kerktoe. Roelf Pienaar

Vakature : KOSTER

Die NG Gemeente Sasolburg-Vier Ankers beskik tans oor die vakature vir ’n koster. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die kerkkompleks en kerkterrein van die gemeente. Normale diensvoorwaardes geld.

Posvereistes: Die normale pligte soos van ’n koster verwag.

Sluitingsdatum: Aansoeke, vergesel van ’n kort CV, moet voor/op 31 Mei 2012 om 13:00 ingedien word by die Kerkkantoor, Felixstowestraat 1, Sasolburg, óf gepos word (om ons te bereik vóór/op 31 Mei 2012) na: Dr HJ Kleynhans, Posbus 370, Sasolburg,1947, óf per e-pos na: vierankers@absamail.co.za

Diensaanvaarding: So gou as moontlik.

Dringend benodig!!!!!

Ons is op soek na ’n hout kot en baba klere vir baba wat oor ’n maand gebore word. Kan u asseblief help? Skakel met Elize Nortje 076 092 4378 of die kerkkantoor 016 976 3844

Avokado’s te koop teen R10 per pakkie by Gatiep en Rina van Zyl, Patriotstr 10.
Kontaknr 016 976 3152

Pinksterafsluiting 27 Mei

Ons nooi al die ringsgemeentes hartlik uit na die gesamentlike Pinksterafsluiting Sondag 27 Mei om 18:00 in Fakkelgemeente, Schalk Burgerstr 7, Sasolburg. Persoonlik is ek baie opgewonde oor die aand, want die Here het al verlede jaar baie duidelik gewys Hy wil Dr Manie Kleynhans van Sasolburg-Vier Ankers gebruik om die aand met ons te praat oor die tema: *“Wat is die praktiese betekenis van Pinkster (en die uitstorting van die Heilige Gees) vandag?”* U is welkom om saam te kom buig voor die Here en te hoor wat Hy vir ons wil sê. Kom woon hierdie besondere geleent-heid by. Bid ook asb saam vir hierdie erediens, dat dit werklik 'n ontmoeting met die Lewende God vir ons almal sal wees.
Ds Willem Burger
NG Gem Sasolburg-Fakkel

Verjaardaglys

Verjaardagplan: Koevertjies is by die deure beskikbaar

Onthou ons verjaardagplan, waarvolgens u R1 vir elke lewensjaar op u verjaardag skenk, uit dank vir die genade wat u van die Here ontvang het, die afgelope jare. Dit is nie verpligtend nie - u gee wat u kan.

13/05 - *Geen verjaardae nie*

14/05

Peet Bender	Wilgestr 12
Marnitz Coetzer	082 627 0171
Hester Erasmus	016 973 6118
Jenny Lambrechts	016 973 1034
Jaco Marais	072 273 0564
PG Swartz	082 783 8115
Lian van der Walt	016 973 2526
Wilna Woodley	016 973 1670

15/05

Giselle Engelbrecht	082 824 7592
Reynhardt Gerber	016 976 1847
Chemé Opperman	Montrosestr 17
Rina Payne	016 976 7437
Tos Thiart	016 976 1322
Willie van Aardt	016 973 3286
Monique van der Merwe	082 370 9445

16/05

Charmaine Buck	016 976 3019
Shaunne Cilliers	Billinghamstr 27
Johan Gericke	016 976 3254
Marizanne Lauwrens	083 750 3576
Jacoline Lombaard	082 558 3801
Sarah Thysse	072 509 2274

17/05

Luanne Bekker	083 630 3703
Willie Goosen	016 932 3704
Magda Koekemoer	084 895 4044
Elizabeth Makume	Fairbairnstr 5
Mi-Janie van der Merwe	082 378 6734

18/05

Werner Booysen	016 973 1299
Angelique du Plessis	078 385 2549
Jannie Human	082 293 0693
Willie Roux (jnr)	016 973 1943
Ronnie van Niekerk	016 973 2699

19/05

Nick Olivier	082 268 1697
Thinus Viljoen	071 159 3935

Sasolburg Sanggroep

Op Vrydag 12 Okt tree die Sasolburg Sanggroep in 4-Ankers op. Nader aan hierdie datum sal ons graag vir u meer inligting gee. Al wat ons nou van u vra is om hierdie datum met ’n groot rooi pen te gaan omkring op u almanak. Dit is ’n Vrydag en ons gaan ’n groot fees hou - maak seker dat jy daar gaan wees. Die koor tree aanstaande Vrydag, 18 Mei om 18:00 by die Gereformeerde Gem Vaalpark op. Die kaartjies kos R70 per persoon wat ’n vingerete insluit.
Skakel met Henk by 083 232 1575

Kleingroepe

Kleingroepleiers moet asseblief kennis neem en die nodige reëlings tref vir die Sondag wat sy/haar kleingroep aan diens is. Lidmate word by die deure verwelkom met ’n ***Rugama*** deur die kleingroep wat aan diens is.

13 Mei	23/03 - Petrus Kok
20 Mei	23/05 - Riki Branford
27 Mei	23/04 - Elizabeth Lombard
3 Junie	23/06 - Flip Janse v Rensburg
10 Junie	23/08 - Magda Grobbelaar
17 Junie	23/10 - Sakkie de Villiers

Kennisgewing

Belangstellengdes word vriendelik uitgenooi na die Algemene Jaarvergadering vir bejaardes, wat gehou word Woensdag, 30 Mei 2012 om 10:00 in die eetkamer van Van Riebeeckssentrum in Finlaystraat, Sasolburg.

Ondersteun die Jeugsorgsentrums

Manie Jackson tree op by Afrikaanse Hoërskool se skoolsaal op Sat, 19 Mei ten bate van die Sasolburg Jeugsorgsentrums. Marie Engelbrecht het kaartjies teen R100 per persoon. Kontak Marie by 016 976 6227

Skrootyster Moenie van ons gemeente se herwinningsprojekte vergeet nie. Indien u ysters het wat u wil skenk kan u u naam asseblief by die kerkkantoor gee en ons sal dit graag by huis kom afhaal.

Program

Hospitaalbesoeke: Dr HJ Kleynhans

Sondag 13/05 - *Moedersdag*
Diensbeurt: Kleingroep 23/03
Kollekte: Fonds vir vrouelidmate
Kategese - Jnrs 08:00 en Snrs 17:00
18:30 Aanddiens

Maandag 14/05
19:00 Aksie Enkellopendes

Dinsdag 15/05 - *Tuinwerk by die kerk*
09:00 Naaldwerkgroep by die kerk
15:00 Bybelstudie by OGJ
17:30 Basaarvergadering

Woensdag 16/05
09:30 Bybelstudie by VRGS: B-Blok se sitkamer
09:30 Biduur by OGJ gelei deur ds Juppie Steurer

Donderdag 17/05
Aksie Lekkerlewe: uitstappie na Simba Chips
18:30 Hemelvaartdiens

Sondag 20/05 - *Nagmaal*
Diensbeurt: Kleingroep 23/05
Sinodale kollekte: Kolportasiefonds
Kategese - Jnrs 08:00 en Snrs 17:00
18:30 Aanddiens

Aksie Lekkerlewe

Ons besoek Donderdag 17 Mei, die Simba Chips fabriek op Heilbron. Almal vertrek saam om 10:00 vanaf die kerk.

2012 se Kombersprojek

In die wintertyd reik ons graag uit na die gemeenskap. Soos in die verlede wil ons baie graag aan elke laerskoolkind wat dit nodig het, 'n warm kombers gee. Met 'n donasie van R50 koop ons die komberse aan met 'n effe beter kwaliteit as die grys "Stormie" kombers (met wit strepe) wat in die handel beskikbaar is. Indien u 'n bydrae wil maak tot hierdie aksie, kan u 'n koevertjie gemerk "Kombersprojek", in die kollektebordjie gooi, of dit by die kerkkantoor inbetaal. Help 4 Ankers om 'n gemeente te wees wat versorg.

Pinksterwarmte

Op Pinkstersondag bou ons weer 'n Kombersberg. Maak asseblief u ou komberse, klere en ander donasies bymekaar. Op 27 Mei bou ons 'n kombersberg aan die voet van die houtkruis.

Baie dankie vir u gebede en almal wat altyd kom vra het waarmee hulle kan help tydens my skoondogter se suster se siekte en dood.
Riana Jacobs

Tuinwerk by kerk

Ons werk tans aan die bedding voor teen die pad. Ons benodig baie agapanthus. Sal dit waardeer as dit Dinsdag 9uur by die kerk kan wees. As die werklus jou beetpak, bring graaf en kom help asseblief.
Hester Botha 082 719 1484 of 016 976 2841

Hemelvaartdiens om 18:30 by die kerk

Gebedslys

*Frieda Mostert, Christiaan Beyersstr 26;
*Bets Vermaak van OGJ;
*Chrissie du Plessis van OGJ;
*Gerrie Louw, Andrew Murraystr 21;
*Lettie Moller, Montrosestr 19;
*Fritz van Rooyen van OGJ;
*Heynsie van Aswegen, Malherbestr 5;
*Tannie Hennie Nel, Steyn vd Spuystr 30;
*Veronica Stander, Horisonw/s 18;
*Louise Richter, Maxhildw/s 4;
*Jaques Filmalter, Hans van Rensburgstr 21;
*Elize Nortje, Pringlestr 40;
*Paula Vogel, Faickneystr 2;
*Flip de Bruin, Uniestr 29;
*Susan Nagel, Lindleystr 17 se dogter;
*Nicola Oberholzer;
*Martha Neuhoff, Brillstr 17;
*Fritz Engelbrecht, Watersonstr 15;
*Pierre Gouws, Thealstr 2;
*Willie Olivier, Rothmanstr 18;
*Attie Brandt, Lindleystr 9.

Innige simpatie aan

*Eleanor Louw, Watersonstr 47, met Kobie se afsterwe;
*Cobia, Elmarie en Gerrit Moelich van Oosthuizenstr 9, met Pieter se afsterwe;
*Mita Nel se suster is oorlede;
*Martie de Beer, Van Riebeecksentrum 30D, se seun is oorlede;
*Gerhard en Joey Maree, Brillstr 10. Hulle seun is oorlede.

Soli Deo Gloria